*Dinsdag* **2 Desember**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:15-23**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:18, 19 (AFR53/83/2020)**

**Lewe al meer met "oop oë"**

Paulus dank die Here vir die geloof en liefde wat Hy in die gemeente laat ontstaan het. Die Here wek die ywer in sy diens. Die daaglikse omstandighede kan egter die ywer demp, ons oë wil toe maak vir die genade van God in ons lewe.

Daarom bid Paulus vir die gelowiges wat die Here deur sy genade uitgekies het om heilig en onberispelik voor Hom te lewe. Hy bid vir die gelowiges wat reeds deur God geregverdig is. Hy bid vir ons wat deur die genade van God kan sien dat Jesus Christus ons Verlosser en Koning is. Wat bid Paulus vir ons? Sy gebed is dat die HERE ons verligte oë van die verstand sal gee, dat ons sal toeneem in die kennis van hierdie genade van God sodat ons werklik sal verstaan wat die geloof in Christus inhou. Dat ons nie deur óns oë na die wêreld en omstandighede om ons kyk nie, maar al meer deur die oë van die Here. Paulus bid dat ons geestesoë al meer oop sal wees.

Daarom bid hy vir drie aspekte van die kennis waarin ons moet groei, of versterk word. Drie aspekte waarvoor ons oë van geloof al meer oop moet wees. Hy bid vir verligte oë van ons verstand:

- sodat ons kan weet wat die hoop van sy roeping vir ons is;
- sodat ons kan weet wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is;
- sodat ons kan weet wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo.

Paulus se bede is dat ons al meer sal weet, al meer met "oop oë" sal lewe om te sien wat die Here se doel is met jou en my. Sy roeping vir ons. Sy erfdeel wat Hy vir seker vir ons in die hemel in bewaring hou. Sy krag waardeur Hy ons van begin tot einde dra. Dit is dieselfde krag waarmee Hy Jesus Christus uit die dood opgewek het wat Hy in ons laat werk om al meer met "oop oë" te kan lewe.

*Sing: Psalm 119-1:26*

*Ds. R (Riaan) Jansen van Vuuren (Lichtenburg)*